**DEPARTEMENT VAN VERVOER**

**NO. 1504** **08 DESEMBER 2016**

# DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PADAGENTSKAP MSB BEPERK

**Registrasie No: 1998/009584/30**

**VERKLARING WYSIGING VAN 'n GEDEELTE VAN BESTAANDE NASIONALE PAD N2 SEKSIE 18 EN BESTAANDE NASIONALE PAD N2 SEKSIE 19 AS NASIONALE PAD N2 SEKSIE 19X**

WYSIGING VAN VERKLARING No. 676 VAN 2000.

Kragtens Artikel 40(1)(b) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie, 1998 (Wet No.7 van 1998), wysig ek hiermee Verklaring No. 676 van 2000 deur 'n gedeelte van paragraaf 2 van die Skedule, synde die gedeelte van die beskrywende verklaring vanaf Mthatha tot by Mount Frere, te vervang met die volgende beskrywing:

Beginnende vanaf die interseksie met die straat bekend as Sutherlandstraat tydens datum van verklaring, in die dorp Mthatha, daarvandaan volg dit die strate bekend as Madeirastraat en Spriggstraat tydens datum van verklaring in 'n algemene noordelike rigting, deur die dorp Qumbu waar dit die straat bekend as Aubertstraat volg tydens datum van verklaring, daarvandaan verder in 'n algemene noordelike rigting deur die dorp Mount Frere tot by die suidelike grens van Die Plaas No. 71.

**(Nasionale Pad N2 Seksie 19X: Mthatha – Mount Frere)**

______________________

**MINISTER VAN VERVOER**